# Bergriviermonding Bestuursplan

# (Konsep 2017)

**Hierdie plan is saamgestel deur Anchor Environmental (weergawe 1 in 2008) en Royal Haskoning DHV (weergawe 2 in 2017) vir die kliënt: Departement van Omgewingsake en Ontwikkeling: Wes-Kaapse regering.**

Die visie van die Bestuursplan word bepaal deur die volgende:

- Erkenning van die ekologiese status van die Bergriviermonding en verwante vleilande;
- Beskerming van die buitengewone biodiversiteit van die streek;
- Die vestiging van 'n beskermde gebied;
- Beheer oor bootverkeer; en
- Beheer oor ontwikkeling langs die rivieroewers, naby die hoëwatermerk.

**Die uiteindelike doel van die Bestuursplan sluit in:**

- Volhoubare ontwikkeling;
- Bewaring van Vleiland biodiversiteit;
- Die behoud van die unieke karakter;
- Toerisme, plaaslike en streeks-ekonomiese ontwikkeling;
- Regulering van bootverkeer op die waterweë van die riviermonding;
- Behoorlike wetstoepassing in die gebied;
- Toegang tot die riviermonding;
- Beheer van besoedeling en rommelstrooiing; en
- Registrasie van jetties en sleephelling.

## Ekonomiese belang

**Die mond huisves 'n belangrike visvanghawe, asook die kultuurhistoriese bokkom-industrie. Dit het ook groot waarde vir ontspanning en is 'n uitstekende toeriste-aantreklikheid vir:**

- Boot- en oewerhengel;
- Watersport en ander vorme van ontspanning;
- Waardering van pragtige natuurskoon;
- Residensiële ontwikkeling;
- Cerebos en Kliphoek soutwerke; en
- Port Owen Marina.

## Uitdagings wat dringende aksie verg:

**Verhoogde bootverkeer vir ontspanningsdoeleindes, veral groot en vinnige bote wat gebruik word vir sportaktiwiteite.**

Meer uitdagings sluit in:

- Belemmering van die vrye vloei van groot volumes vars water wat nodig is vir die seisoenale skuur van die waterweë. Dit is die gevolg van verhoogde besproeiing en die bou van stroomop damme;
- Toenemende residensiële ontwikkeling binne of naby die hoëwatermerk;
- Besoedeling deur visbote en fabrieke;
- Toenemende voorkoms van uitheemse plantegroei soos waterhiasinte, bloekom- en akasiabome; en
- Intensiewe landbou-aktiwiteite in die opvanggebied.






ONS DIEN MET TROTS JUNIE 2019

## Belangrike feite:

**Hierdie Bergrivermonding is baie spesiaal aangesien dit die derde grootste riviermonding op die Suid-Afrikaanse Weskus is en slegs een van vier riviermondings wat meerjarig is.**

Dit val net 1m oor die laaste 40km, wat 'n vloedvlakte van 61 vierkante kilometer vorm.

Dit ondersteun uitsonderlik populasies van plant en dier spesies, naamlik:

- 127 watervoëlspesies;

- 93 ander voëlspesies;

- 'n totaal van 46 000 voëls is al in die somermaande getel;

- bevolkings van 25 nasionale voëlspesies, asook ten minste 5 Rooi-data voëlspesies kom hier voor:

- hier is 35 visspesies, waarvan 80% die riviermonding as 'n broeiplek gebruik;

- 'n groot verskeidenheid insekte en ander ongewerwelde spesies (krappe en garnale) dien as voedsel vir voël- en visbevolkings.

- Verskillende plantgemeenskappe is uiters belangrik vir die voortbestaan van die voëls en visse. Moddervlaktes voorsien ook 'n noodsaaklike voedselbron en die rietbeddings van die oewers bied broeiplek vir talle voëls;

- plantwortels speel 'n belangrike rol in die vleilande omdat wortels as filtreerstelsel dien om rivierwater skoon te maak voordat dit in die see vloei.

# SONES VAN DIE BERGRIVIERMONDING: SIEN KAART HIERONDER

**Sone A** (Ou Riviermond Strandmeer): Is ’n verbode toegangsgebied;


**Sone B** (Visvanghawe): Is ’n sone waar visvang en aasversameling toegelaat word; waterski is verbode; skubaduik word slegs met die toestemming van die hawemeester toegelaat;

**Sone C** (Carinus Veeldoelige Ontspanningsgebied): Is ’n sone waar alle soorte watersport, visvang en aasversameling toegelaat word; skubaduik word slegs toegelaat met toestemming van die hawemeester;

**Sone D** (Bewaringsgebied wat Bokkomlaan insluit): Is ’n sone waar slegs seilvaart, kanovaart, bordseil, swem en visvang toegelaat word. Spesifiek verbode in hierdie gebied is sweefski en waterski asook toegang tot die sout vleilande en moddervlaktes. Skubaduik word slegs deur die hawemeester toegelaat;

**Sone E** (De Plaat Bewaringsgebied): Is ’n verbode toegangsgebied;

.




**Hier is ’n kaart van die Bergriviermonding met verskillende aangewese bestuursones.**

**Sone F** (Kruispad Area): Is ’n gebied waar alle vorme van watersport en visvang toegelaat word, behalwe skubaduik;

**Sone G** (Kliphoek veeldoelige ontspanningsgebied): Is ’n gebied waar alle vorme van watersport, visvang en aasversameling toegelaat word behalwe skubaduik;

**Sone H** (Kersefontein/Langrietvlei ontspanningsgebied): Hengel word slegs toegelaat met ’n permit van ’n geregistreerde gelisensieerde vaartuig en indien vanaf land, met die toestemming van die grondeienaar;

**Sone I:** Hierdie Sone is nie meer binne die Bergrivier Munisipaliteit se grens nie en word dus uitgesluit van hierdie verordening;

**Sone J** (Port Owen Marina): Is onderhewig aan POMA reëls en regulasies; en

**Gety Sones:** Toegang van alle sones na die gety-sone wat moddervlaktes, soutmoerasse en sandbanke insluit, is verbode.

## KONTAK ONS:

Vir verdere inligting of navrae rakende die Riviermonding, e-pos ons by:

Jouberta@bergmun.org.za / velddriftoerisme@telkomsa.net